AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Analis:*
## KUBERVEILIGHEID
## (*CYBER SECURITY ANALYST*)

PRETORIA

Akademia is ʼn Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ʼn pos vir ʼn analis: Kuberveiligheid in die Inligtings- en Kommunikasietegnologie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in Centurion, Gauteng gesetel.

## POSDOELSTELLING

Die analis: Kuberveiligheid is verantwoordelik vir die implementering, monitering en verbetering van kubersekuriteitsmaatreëls wat ooreenstem met Akademia se beleid. Die rol fokus op die identifisering en beperking van sekuriteitsrisiko's, die beskerming van data en stelsels teen onregmatige toegang en kuberbedreigings, asook die bevordering van sekuriteitsbewustheid binne die instelling.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Help met die instandhouding van ʼn akkurate inventaris van digitale bates, data en stelsels om potensiële kwesbaarhede te identifiseer.
- Neem deel aan risikobepalingsaktiwiteite om bedreigings in die operasionele omgewing te evalueer.
- Hersien sekuriteitbeheermaatreëls teenoor *CIS*-subkategorieë en organisatoriese beleide.
- Konfigureer en onderhou netwerksekuriteitsbeheer, insluitend vuurmure, NextGen Antivirus, dataverliesvoorkoming en indringingsopsporingstelsels.
- Moniteer *SIEM* (Sekuriteitsinligting en Gebeurtenisbestuur)-gereedskap vir afwykings, aanwysers van kompromie (*IOCs*) en sekuriteitsgebeurtenisse betyds.
- Voer insidentresponsprosedures uit om bedreigings te beperk en kwesbaarhede reg te stel.

## POSVEREISTES

- diploma in Kubersekuriteit (NKR-vlak 6)
- ses jaar se relevante ervaring

## VAARDIGHEDE

- ʼn goeie begrip en kundigheid oor stelselsekuriteit
- grondige, omvattende ervaring van stelselsekuriteit
- ervaring in ʼn hoëronderwysinstelling (voordelig)
- effektiewe probleemoplossingsvermoë
- sterk kommunikasievermoë
- goeie interpersoonlike en spanwerkvaardighede
- enige addisionele kwalifikasie in kuberveiligheidsanalise, uitgebreide kennis van die wolkveiligheidsplatform, vuurmure en verdediging teen kwaadwillige

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 3 September 2026 ingedien word.** Stuur ʼn e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ʼn aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.